

Weergawe 1.0

DIE GOEIE HERDER-STRATEGIE

**Die voorgestelde MIV- en vigsstrategie van die
*ALGEMENE SINODE VAN DIE NED GEREK KERK***

Opgestel by die *Good Shepherd Retreat Centre* deur die

NG KERK VIGSFORUM

**wat bestaan uit verteenwoordigers
van die volgende sinodes en organisasies:**

Sinodes:

Algemene Sinode	Sinode van Wes-Transvaal
Sinode van Wes- en Suid-Kaapland	Sinode van Noord-Transvaal
Sinode van Oos-Kaapland*	Sinode van Oos-Transvaal
Sinode van Noord-Kaapland	Sinode van Suid-Transvaal
Sinode van Natal	Sinode van Namibië
Sinode van die Oranje-Vrystaat	

Medewerker-organisasies:

Christen-Vigsburo van Suider Afrika	Iswen*
CLF Vigstrust	Hospivisie
Hartklop	

* Was nie teenwoordig tydens die *Good Shepherd*-werkswinkel

Proses gefasiliteer deur:

HOSPIVISIE
Posbus 12424
Queenswood
0121
[*hospivisi@mweb.co.za*](mailto:hospivisi@mweb.co.za)

DIE GOEIE HERDER-STRATEGIE

DEEL A: INLEIDING

A1. OPDRAG EN UITVOERING

Die Algemene Sinode van 2002 het met sy verklaring oor die Ned Geref Kerk en die MIV/vigsepidemie, aangedui dat die Kerk met groot medelye wil omsien en betrokke wil raak by die stryd teen hierdie verwoestende siekte. Om die verklaring in daade te omskep, is daar by dieselfde sinodesitting opdrag aan die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) gegee om in samewerking met Hugenote Kollege se Vigsburo (CABSA) en die familie van NG Kerke, 'n Vigsforum vir die Ned Geref Kerk te vestig. Die Forum is op 20 April 2004 na deeglike oorlegpleging gekonstitueer. Al die sinodes van die Ned Geref Kerk sowel as organisasies wat uit die Ned Geref Kerk-geledere ontstaan het en wat direk by MIV en vigs betrokke is, het die konstituering meegemaak.

Die *eerste taak* van die Forum was om 'n nasionale vigstrategie vir die Ned Geref Kerk te formuleer. Hierdie taak het tydens 'n werkswinkel op 22 en 23 Junie 2004 by *The Good Sheperd Retreat Centre* naby Pretoria die aandag geniet. Die produk van die werkswinkel word hiermee aangebied as die "Goeie Herder-strategie". Die naam is om twee redes gekies. Dit verwys enersyds na die plek waar die strategie opgestel is. Andersyds is dit 'n belydenis dat die Kerk die Goeie Herder wat sy lewe vir die skape afgelê het, te midde van die vigs-epidemie wil navolg deur by mense in nood te staan.

'n *Verdere taak* van die Forum sal wees om saam met die ander kerke in die NG Kerkfamilie te werk om 'n gesamentlike strategie vir die NG Kerkfamilie uit te werk en te help implementeer. Hoewel kundige lede uit die VGKSA by die huidige strategiese proses betrek is, was die susterkerke uit die NG Kerkfamilie nog nie amptelik betrek in die formulering van 'n strategie nie. Dat so 'n gesamentlike strategie egter onontbeerlik is vir die kerk se effektiewe betrokkenheid by die MIV/vigsepidemie, is duidelik. Die aard en omvang van die epidemie onderstreep die erns waarmee die eenheidsprosesse in die NG Kerkfamilie bejeën moet word.

Wat hier aangebied word, is 'n strategie wat uit vele gesprekke en besinning na vore getree het. Tydens die *Good Shepherd*-werkswinkel het die teenwoordiges onder andere besin oor wat 'n "strategie" of "strategiese plan" eintlik is, en tot die slotsom gekom dat dit 'n dokument *is wat dinge laat gebeur*. As dit reg opgestel is, werk 'n strategiese plan letterlik soos 'n "skeppingswoord". Dit is wel woorde op papier, maar dit kan dinge land -oor en selfs wêreld-oor laat gebeur en drome laat realiseer. Dit is die Vigsforum se bede dat die woorde wat saamgevoeg is en wat in hierdie dokument aan die Algemene Sinode voorgelê word, 'n instrument sal word waardeur die Skeppergees die Ned Geref Kerk sal lei om 'n nuwe droom oor die oplossing van die MIV/vigsepidemie te droom; dat die Kerk die uitkoms sal sien en dit met ywer en doelgerigtheid sal najaag.

A2. DIE SITUASIE MET BETREKKING TOT MIV EN VIGS IN SUID-AFRIKA

Die MIV/vigsepidemie in Suid- en Suider-Afrika het lank reeds katastrofiese afmetings aangeneem. Die amptelike MIV-infeksiemoers in die land is hoog en styg steeds. Die aantal mense met vigs of wie se lewens geraak word deur die sindroom het 'n byna ondenkbare omvang aangeneem. Sterftesyfers as gevolg van vigs- verwante siektes neem teen 'n geweldige tempo toe. Die nood wat hieruit voortvloei, is skrikwekkend.

Anders as wat algemeen aanvaar word, is die infeksiemoers in die spesifieke gemeenskappe wat deur die Ned Geref Kerk bedien word, ook reeds hoog. Ons eie families se lewens is blootgestel. Die welwese van ons Kerk se lidmate, en van mense in die gemeenskappe wat deur ons Kerk bedien word, word ernstig geraak. 'n

Statistiese oorsig word in Bylae 1 verskaf.

A3. ROL VAN DIE KERK

Vir die kerk van Christus in die algemeen, en die Ned Geref Kerk in besonder, het hierdie tyd 'n *kairos*-tyd geword. Dit is 'n tyd waarin die kerk en gelowiges in die Naam van God Drie-enig die bevrydende krag van die evangelie met hernude ywer moet indra in 'n wêreld wat vasgevang is in die greep van lyding, siekte en dood:

- § Met die skeppingskrag van die Vader wat sy Seun uit die dood opgewek het, moet sosiale, ekonomiese en ander omstandighede wat die verspreiding van MIV-infeksie aanwakker, omgekeer word;
- § Met die deernis van die Here Jesus moet hulle wat ly en in nood verkeer as gevolg van vigs, versorg en gekoester word;
- § Vervul met die Gees van God moet die kerk haar kinders troos en beskerm en vir hulle in die bres tree, en ook oor die wêreld rondom waak.

Alles moet in die stryd gewerp om die verdere verspreiding van die MI-virus te voorkom, en om nuwe hoop te gee aan hulle wat reeds ly. Die kerk het hierin 'n besondere bydrae te lewer. Die lig van die evangelie moet weer helder en duidelik aangesteek word in hierdie donker tyd, in 'n wêreld wat die donkerte van nood en rou beleef. Deur dit te doen, moet die kerk die gehoorsame navolger wees van die God van hoop oor wie ons in ons lied bely:

*U Seun word mens; in ons gebroke wêreld
Kom vestig Hy sy koningsheerskappy.
Hy maak weer heel wat sonde hier gebreek het.
Hy bring weer hoop en redding - ook vir my.*

*U maak ons deel van al u grootse werke.
U laat ons bid, Heer, dat u ryk mag kom.
En kom U weer in heerlijkheid op wolke,
Maak u volkome nuut u eiendom. (Liedboek van die Kerk 464)*

A4. VERBINTENIS VAN DIE NED GEREK KERK 2002

Tydens die sitting van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van 2002, het die Sinode 'n verklaring gemaak en 'n verbintenis aangegaan ten opsigte van MIV en vigs. Die volledige verklaring en verbintenis van die Ned Geref Kerk van 2002 is aangeheg as Bylae 2. Met hierdie verklaring en verbintenis het die Ned Geref Kerk die volgende gedoen:

- § Haar skuld wat met die epidemie verband hou, bely;
- § Haar liefde en deernis teenoor hulle wat met MIV en vigs leef, herbevestig en ook bevestig dat dit eie lidmate van die Kerk insluit;
- § Onderneem om haar kennis, mannekrag en fasiliteite beskikbaar te stel vir die praktiese uitlewing van liefde en deernis;
- § Onderneem om die verspreiding van MIV te bekamp deur die bou van Bybelse waardes ten opsigte van seksuele gedrag; en om die omstandighede wat die vinnige verspreiding van MIV-infeksie aanwakker, teen te werk.

Die Algemene Sinode het die Ned Geref Kerk voorts daartoe verbind om in hierdie belangrike saak, samewerking en vennootskappe met die owerheid en ander rolspelers te soek en om, waar nodig, kerklike

strukture te skep om samewerking te bevorder.

Ten slotte het die Sinode die bede uitgespreek dat God Drie-enig aan ons as Ned Geref Kerk die krag sal gee om as gehoorsame getuies van die evangelie, ons verantwoordelikheid en roeping tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk na te kom.

Die 2002 verklaring word hiermee herbevestig as vertrekpunt van die Algemene Sinode se strategie.

A5. OOGMERK MET DIE STRATEGIE

Die punt is nou bereik waar die voornemens en ingesteldheid van die Kerk, soos verwoord in die 2002 verklaring, op georganiseerde wyse verder geneem en sistematies in werking gestel moet word.

Daar is met dankbaarheid en waardering kennis geneem dat verskeie sinodes, ringe en gemeentes reeds kosbare werk doen in ooreenstemming met die 2002 verklaring.

Terselfdertyd is dit so dat sommige sinodes, ringe, gemeentes en lidmate nog nie op planmatige wyse praktiese gestalte gegee het aan die inhoud van die verklaring nie, en dus nie formeel en sistematies meewerk in die Kerk se stryd teen die vernietigende epidemie en sy gevolge nie. Hierdie stand van sake kan aan verskeide redes toegeskryf word. Dit sluit in:

- § Gemeentes, ringe en sinodes weet dikwels nie wat om prakties te doen om die Kerk se verbintenis in die praktyk toe te pas nie; en het nie al die toerusting, middele en hulpbronne of genoegsame kennis tot hul beskikking daarvoor nie.
- § In die geval van sommige gemeentes, ringe en sinodes mag daar 'n gebrek aan kennis wees en 'n beperkte verstaan ten opsigte van die omvang en impak van die epidemie. Dit sou dan veroorsaak dat die bestryding van die epidemie en die hantering van die impak daarvan, lae prioriteit geniet;
- § Die beleid van die Ned Geref Kerk ten opsigte van 'n verskeidenheid van kritiese, MIV- en vigsverwante sake, en die wyse waarop die Skrif met betrekking tot hierdie sake verstaan moet word, is nog nie duidelik geformuleer nie en laat lidmate en gemeentes dikwels in onsekerheid oor hoe om op te tree en watter standpunt om in te neem
- § By baie lidmate van die Ned Geref kerk is daar steeds die persepsie dat “ons” nie die siekte kry nie, en dat dit net “andere” is wat geraak word.

Daar sal ook ander redes wees. Wat ook al die rede, dit is 'n feit dat baie lidmate, gemeentes en ringe, en ook sinodes, nog nie hierdie diensgeleentheid maksimaal benut nie. En selfs in die gevalle waar goeie werk reeds gedoen word, is daar altyd die moontlikheid dat die effektiwiteit en impak van optredes en intervensies verbeter kan word.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Algemene Sinode nou na vore moet tree om 'n strategie te aanvaar wat sal verseker dat die verbintenis wat die Kerk reeds in 2002 gemaak het, wyd en effektief in werking gestel sal word.

Die voorgestelde strategie van die Algemene Sinode word in die res van hierdie dokument aangebied. Dit is opgestel in ooreenstemming met die rol van die Algemene Sinode binne die Kerk. Hierdie rol word soos volg verstaan: om visionêre of strategiese leiding te gee (die droom te formuleer en dit lewend te hou), om beleid en 'n algemene verstaan van Bybelse waarhede te formuleer, fokus-areas en funksies wat uitgevoer behoort te word, aan te dui, navorsing te laat doen en inligting te verskaf, skakeling en koördinerende tussen medewerkende partye te fasiliteer (veral op ekumeniese vlak asook met die nasionale regering, en op internasionale vlak met ander regerings en rolspelers), en om bemagtingingsprosesse te fasiliteer en te

ondersteun.

DEEL B: DIE STRATEGIE

B1 VISIE

Die visie van die Ned Geref Kerk oor MIV en vigs is een van GELOOF, HOOP EN LIEFDE. Dit is gebaseer op die liefdevolle sorg van die Vader, die oorwinning deur die kruis en opstanding van die Here Jesus, en die toerusting deur sy Gees. Die visie is soos volg:

Omdat ons glo, hoop en liefhet, wy ons ons daaraan toe dat die Ned Geref Kerk (lidmate, leierskap, gemeentes) haar roeping en rol as 'n gemeenskap wat voor die aangesig van God (coram Deo) leef te midde van die epidemie, reg sal verstaan, sal aanvaar, en prakties sal uitvoer.

Daardeur wil ons verseker –

- § Dat hoop gebring sal word aan diegene wat geïnfekteer is en aan diegene wat direk deur die epidemie geraak word; dat hulle gekoester, vertrous, versorg en opgebou sal word in ooreenstemming met hul behoefte.*
- § Dat die situasie van nood, verdriet en dood wat vanweë die epidemie oor ons Kerk en ons land se mense gekom het, omgeskakel sal word in 'n geleentheid tot groei en oorwinning.*
- § Dat lede van die huidige geslag wat nog nie geïnfekteerd is nie, vry van die virus sal bly.*
- § Dat daar 'n nuwe geslag sal wees wat totaal vry van die epidemie sal wees.*
- § Dat die Kerk haar openbare getuigenis profeties teenoor die wêreld sal lewer in verband met MIV- en vigsverwante sake.*

B2. DOELSTELLINGS EN ROL

Ten einde die visie te verwerklik, is die doelstellings en rol van die Ned Geref Kerk met betrekking tot MIV en vigs soos volg:

B2.1 Verstaan die roeping en rol

Doelstelling: *Dat die Kerk (lidmate en leierskap op alle vlakke) haar roeping en rol as 'n gemeenskap wat voor die aangesig van God leef te midde van die epidemie, reg sal verstaan.*

Op deurlopende basis behoort daar oor sake soos die volgende teologiese uitklaring gegee en in die openbaar getuig te word:

- Aspekte van die staatsbeleid soos toegang tot bekostigbare medikasie, voorkomingprogramme, die verband van MIV en vigs met armoede, ander maatskaplike probleme en epidemies soos tuberkulose, wetgewing, ensomeer.
- Verskillende pastorale begeleidingsmodelle ten opsigte van MIV en vigs en 'n nuwe verstaan van die gemeente se roeping.
- Allerlei teologiese vraagstukke soos geeste, kragte, kousaliteit, straf en sonde, begrafnisgebruike, tradisionele- en geloofsgenesing, die posisie van vroue en die verstaan van “communio” in Afrika-konteks.
- Algemene etiese vrae: oor liggaam, seksualiteit, lewe en dood, 'n teologie van die liggaam; moraliteit; geslags- (“gender”)-vraagstukke; verantwoordelike voorkoming van MIV infeksie; medikasie en mediese navorsing; die nie-aanmeldbaarheid (vertroulikheid) van MIV-infeksie; die feit dat 'n persoon se MIV-status nie bekend gemaak kan word sonder sy/haar toestemming nie en dat baie geïnfekteerdes voortgaan om andere te infekteer

Die deurlopende teologiese besinning moet opkom uit 'n praktiese betrokkenheid by veranderende kontekste en probleme. Geaffekteerdes en geïnfekteerdes moet daarby betrek word. Oor die teologiese proses as sodanig moet daar dus ook besin word.

Die *rol van die Algemene Sinode en die NG Kerk Vigsforum* in hierdie verband is om die aangeleenthede wat met MIV en vigs verband hou en waarvoor kerklike leiding nodig is, deurlopend te identifiseer en Bybels-teologies te belig.

B2.2 Aanvaar die roeping en rol

Doelstelling: *Dat die Kerk (lidmate en leierskap) haar roeping en rol as 'n gemeenskap wat voor die aangesig van God leef te midde van die epidemie, sal aanvaar.*

Dit behels in besonder dat leierskap en lidmate die regte *gesindheid en houding* ten opsigte van die MIV/vigs-epidemie en teenoor persone wat daardeur geraak word, sal ontwikkel ("*ontvriësing*"). Aangesien 1 Kor 12:26 verklaar: "As een lid ly, ly al die lede saam..." aanvaar die leierskap verantwoordelikheid vir die bekamping van die epidemie en vir die pastorale versorging van die geïnfekteerde en geaffekteerde lidmate; en aanvaar lidmate hul godgegewe verantwoordelikheid om met deernis diensbaar te wees en met wysheid op te tree.

Spesifieke kerklike optrede sluit in:

- § Die erkenning dat MIV en vigs 'n werklikheid binne die Ned Geref Kerk is (kyk Bylae 1 vir statistiese inligting).
- § Die erkenning dat eie lidmate en gemeenskappe blootgestel is aan infeksie met die MI-virus.
- § Die verkondiging van die Woord op so 'n wyse dat lidmate God se roeping ten opsigte van hierdie saak sal verstaan en aanvaar.
- § Verskaffing van inligting oor die omvang en impak van die epidemie.
- § Blootstelling aan die beleweniswêreld van persone met MIV en vigs.

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy gevolmagtigdes in hierdie verband is om:

- § Te verseker dat leierskap op algemene sinodale vlak die nodige opleiding of oriëntering ten opsigte van die MIV/vigsepidemie sal ondergaan, wat daarop gerig is om die regte begrip en gesindheid te verwesenlik.
- § Sinodes te versoek om 'n strategie op te stel wat sal verseker dat kerkleiers binne die sinodale gebied soortgelyke opleiding of oriëntering sal ontvang.
- § Diensverskaffers te identifiseer wat die sinodes en gemeentes effektief met hierdie oriëntering kan bystaan, en waar nodig die ontwikkeling of aanvulling van materiaal wat vir die oriëntering gebruik word, te fasiliteer.

B2.3 Voer roeping en rol uit

Doelstelling: *Dat die Kerk (lidmate, gemeentes, ringe, sinodes, Algemene Sinode) haar roeping en rol as 'n gemeenskap wat te midde van die epidemie voor die aangesig van God leef, sal uitvoer.*

Uitvoering van roeping en rol sluit die volgende in:

B2.3.1. Identifisering en verskaffing van volledige en korrekte inligting oor MIV en vigs

Doelstelling: Dat die kanale wat tot beskikking van die kerklike instellings (gemeentes, ringe, sinodes) is, benut sal word vir die verspreiding van korrekte en volledige inligting wat lidmate en ander persone in staat sal stel om ingeligte keuses te maak met betrekking tot MIV en vigs.

Mense se optredes spruit voort uit oortuigings, en oortuigings word gegrond inligting en kennis. Daarom is dit belangrik dat die Kerk haar betrokkenheid by die vigs-epidemie sal begrond in volledige en korrekte inligting oor verskillende aspekte van MIV en vigs en oor die impak daarvan op individue en gemeenskappe.

Inligting oor MIV en vigs sluit die volgende in:

- Epidemiologie (statistieke, die geskiedenis van die verloop van die epidemie, ensomeer).
- Wetenskaplik gefundeerde mediese inligting oor die MI-virus en die verloop van die siekte (infeksie, die werking van die virus, wyses van oordrag, verloop vanaf infeksie tot vigs, viruslading en CD-4 tellings, omkeerbaarheid van vigsdiagnose tot MIV-positiewe status, toetsing, ensomeer).
- Inligting oor die impak van sosiale, kulturele en godsdienstige gebruike op die epidemie.
- Inligting oor die impak van MIV-infeksie op die individu, die gesin, die gemeente en die gemeenskap se lewe (fisiek, emosioneel, geestelik, sosiaal-maatskaplik).
- Inligting oor mites en wanpersepsies wat die epidemie aanvuur en positiewe betrokkenheid inhibeer.
- Inligting oor die opsies van geïnfekteerde persone om lewensduur te verleng en lewenskwaliteit te verhoog, insluitend die rol van aspekte soos voeding, natuurlike middele, medikasie asook geestelike, emosionele en sosiale steun, ensomeer.
- Inligting oor bydraende veroorsakende faktore soos die selfbeld van mans en vroue, die kwesbaarheid van vroue en kinders, armoede, stigma, ensomeer.

Die kerk sal in haar hantering van inligting oor MIV en vigs ook die volgende in ag moet neem:

- Bybelse norme en waardes rakende seksualiteit, die huwelik en families.
- Sosiaal-maatskaplike en ekonomiese kontekste van gemeenskappe en individue.
- Die verskillende rolle wat byvoorbeeld leraars, kategete en ouers in die oordra van inligting behoort te speel.
- Die bevatlikheid van verskillende ouderdomsgroepe
- Die invloed wat kommunikasie rondom MIV en vigs mag hê op die gemeente en gemeenskap se houding oor die epidemie en oor geïnfekteerde of geaffecteerde persone. Die kerk behoort daarteen te waak dat haar motief om te waarsku nie die stigma rondom vigs sal bevestig en selfs sal versterk en so diegene wat ondersteuning, troos en hoop nodig het, sal vervreem nie.
- Die grondwetlike posisie en regte van persone met MIV en vigs. In besonder moet daar gelet word op die implikasies die eis tot vertroulikheid binne die gemeentelike bediening, en op die grondwetlik-korrekte wyses waarop dit hanteer behoort te word.

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy gevolmagtigdes in hierdie verband sluit die volgende in:

- Die identifisering van betroubare bronne van inligting.
- Waar nodig, verdere materiaal in samewerking met kundiges oor MIV en vigs te laat ontwikkel.

Gebaseer op die Woord en toegerus met korrekte en volledige inligting oor MIV en vigs moet die Ned Geref Kerk haar roeping op die wyses uitvoer wat vervolg in B2.3.2 tot B2.3.5 beskryf word.

B2.3.2 Openbare getuienis van die Kerk

Doelstelling: Dat die Kerk haar openbare getuienis en standpunt pro- en reaktief sal formuleer en bekendmaak in verband met MIV en vigs en verwante sake waarvoor kerklike leiding en uitwysing nodig is.

Die kerk het die roeping om oor brandende aangeleenthede soos MIV en vigs 'n openbare of publieke getuienis te lewer. In die openbare getuienis gaan dit om die uitdra van die unieke en verrassende boodskap wat aan die kerk toevertrou is – die evangelie van die Drie-enige God se heilshandeling, deernis en liefde. Die kerk het inderdaad 'n blye boodskap, ook vir hulle wat deur MIV en vigs geïnfekteer of geïmpak word en dit moet in die openbaar gehoor word. Die kerk het ook 'n profetiese roeping om in die bres te tree vir mense wat in nood is en/of mense wat veronreg word – 'n getuienis oor God se geregtigheid en versoening en die nuwe lewe in Christus deur die herskeppende werk van die Heilige Gees. So word die koms van die Koninkryk verkondig en die boodskap van hoop en oorwinning uitgedra.

Ter wille van die geloofwaardigheid van die kerk se getuienis mag daar dus oor hierdie belangrike saak van MIV en vigs nie geswyg word nie. Die evangelie is immers 'n openbare saak. Bybelse waarhede word in die toenemend sekulêre samelewing uit die openbare sfeer verdryf tot 'n bloot private, individueel-persoonlike of innerlik-geestelike aangeleentheid vir diegene wat kies om daarby te leef. Daarteenoor het die kerk die *roeping (missio ecclesiae)* om, as deel van haar omvattende getuienis (*marturia*), veral ook openlik/publiek te getuig van God se sending (*missio Dei*) na 'n gebroke wêreld, en dit deur woorde (*kerugma*), deur dade (*diakonia*), deur 'n voorbeeld van liefdesgemeenskap uit te leef (*koinonia*) en deur voor-en aanbidding (*leitourgia*). Indien die kerk versuim om haar getuienis ten opsigte van MIV en vigs hoorbaar te verwoord, sal haar stilsweye die negatiewe impak van hierdie epidemie bevestig.

Op die volgende terreine behoort daar 'n getuienis uit te gaan:

- Teenoor die staat en regering. (Dit handel byvoorbeeld oor politieke aangeleenthede, wetgewing en die openbare sektor se programme rakende MIV en vigs.)
- Op ekonomiese en die sosiaal-maatskaplike terrein. (MIV en vigs gaan veral ook hand aan hand met ekonomiese en maatskaplike probleme.)
- Op die terrein van die burgerlike samelewing. (Die samelewing is georganiseer in allerlei strukture en verbande, byvoorbeeld die sg. nie-regeringsorganisasies (NROs of Engels *NGOs*), werknemer- en werkgewerorganisasies, netwerke (insluitend rekenaarnetwerke), verenigings, ensameer. Hierdie organisasies speel 'n toenemend belangrike rol, ook ten opsigte van die stryd teen MIV en vigs, en die kerk se inset in hierdie geledere is baie belangrik.)
- Die terrein van die openbare mening. (Die groter-wordende gemeenskaplike gesprek in byvoorbeeld die media, waar oor die “*common good*” besin word en gemeenskapswaardes gevorm word, is hier van belang. Die Ned Geref Kerk moet op effektiewe wyse aan hierdie openbare gesprek deelneem, ook in soverre dit MIV en vigs aangaan.)

Die Kerk se openbare getuienis is omvattend en word deur die volgende uitgedra:

- Die verkondiging in die erediens.
- Die bediening in en deur die gemeente.
- Standpunte wat in die openbaar gestel word in die kerkverband (bv deur leiers, sinodes of sinodale kommissies en diensgroepe).
- Die getuienis saam met ander kerke - in die NG Kerkfamilie en ook in wyer ekumeniese verband.

- Die getuienis wat uitgaan vanuit allerlei kerklike en nie-kerklike Christelike organisasies.
- Die getuienis van individuele christene (lidmate) op alle terreine van die samelewing.

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy gevolmagtigdes in hierdie verband is:

- Om MIV- en vigsverwante sake waaroor kerklike leiding en uitwysing nodig is, deurlopend te identifiseer en te bestudeer.
- Om die kerk se amptelike standpunt soos verwoord in die Vigsverklaring van 2002 (kyk Bylae 2) na binne en buite te kommunikeer, die implikasies hiervan bekend te maak en waar nodig die verklaring aan te vul of te verbeter.
- Om riglyne aan lidmate, gemeentes, ringe en sinodes te verskaf oor die hantering van die openbare getuienistaak.

B2.3.3 Mobilisering

Doelstelling: Dat gelowiges, gemeentes, ringe en sinodes gemobiliseer sal word, dit is : begelei sal word tot betrokkenheid op die terrein van MIV en vigs deur die ontwikkeling en implementering van effektiewe plaaslike strategieë.

Op **gemeentevlak** behels mobilisering dat gemeentes aangemoedig en bygestaan word met betrekking tot die volgende:

- § **Die samestelling en toerusting van 'n gemeentelike struktuur of taakspan:** Die struktuur binne die gemeente wat leiding neem in die ontwikkeling en implementering van 'n gemeentelike plan vir die hantering van MIV en vigs, moet geïdentifiseer en toegerus word om die taak effektief te kan uitvoer.
- § Die uitvoer van 'n **situasie-analise** binne en buite die gemeente.
- § Die **opstel en inwerkingstelling van die gemeente se plan vir MIV en vigs**. Dit behels die identifisering van gemeentelike doelstellings, doelwitte en fokus-areas; opstel van aksieplanne; implementering; evaluering; en herbeplanning soos nodig.

Op **rings- en sinodale vlak** behels mobilisering enersyds dat steun aan gemeentes gegee sal word om hul eie mobiliseringsproses suksesvol in werking te stel; en andersyds dat gesamentlike programme ontwikkel sal word, of bestaande programme ondersteun sal word, na gelang van die behoefte.

Gemeentes, ringe en sinodes se planne en aktiwiteite behoort aan die doelwitte in hierdie strategie- dokument aandag te gee en behoort so ver moontlik beide *na binne én na buite* gerig te wees:

- § Insoverre dit *na binne* gerig is, integreer gemeentes die MIV- en vigsverwante sake binne gemeentelike, rings- en sinodale programme en bedieninge.
- § Insoverre dit *na buite* gerig is, gaan dit oor gemeentes, ringe en sinodes se eie MIV- en vigsverwante inisiatiewe in bereikbare gemeenskappe en/of gemeentes, ringe en sinodes se betrokkenheid by ander organisasies wat in daardie gemeenskappe werk.

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy gevolmagtigdes in hierdie verband is:

- § Om breë riglyne vir die mobilisering van gemeentes, ringe en sinodes te verskaf.
- § Om waar nodig, materiaal te laat ontwikkel of bestaande hulpbronne te identifiseer.
- § Om inligting oor goeie programme binne en buite die Ned Geref Kerk aan sinodes, ringe en gemeentes te versprei.

§ Om die mate waarin die oogmerke van hierdie strategie bereik word, te evalueer.

B2.3.4 Voorkoming van MIV-infektering

Doelstelling: Dat die verspreiding van MIV-infeksie bekamp word deur geïntegreerde, omvattende voorkomingstrategieë te inisieer en/of te ondersteun.

Die kerklike rol in voorkoming sluit onder andere die volgende in:

a. Die opbou van Bybelse waardes en die ontwikkeling van lewensvaardighede wat direk ter sake is vir die voorkoming van MIV en vigs

Die **oogmerk** is om kennis en vaardighede daar te stel wat lidmate en andere sal bemagtig om *Bybels-verantwoordbare* keuses uit te oefen; maar meer nog, om 'n lewenstyl aan te kweek waar omstandighede wat verhoogde risiko's van MIV-infeksie inhou, nie ontstaan nie. Waar nodig, moet die ontwikkeling en oordraging van inligting geskied in oorleg met en/of in samewerking met die mediese profesie en die ander toepaslike professionele dissiplines. Dit behels onder andere:

- § Dat lewensmaats opgeroep, toegerus en ondersteun word om aan mekaar getrou te bly.
- § Dat ouers opgeroep, toegerus en ondersteun word om hul verantwoordelikheid ten opsigte van die opvoeding van hul kinders op omvattende wyse na te kom. Dit sluit seksuele opvoeding in, sowel as opvoeding met betrekking tot 'n wye verskeidenheid van lewensvaardighede wat sal voorkom dat omstandighede wat verhoogde risikos van MIV-infeksie inhou, ontstaan¹.
- § Dat opvoeders opgeroep, toegerus en ondersteun word om in hulle omvattende opvoedingstaak, kinders, en jongmense te wys op die implikasies van vrye seks.
- § Dat kinders, jongmense en volwasse individue opgeroep, toegerus en ondersteun word om seksuele verkeer voor die huwelik uit innerlike oortuiging as christene te vermy.
- § Dat leiding gegee word aan lewensmaats oor die hantering van 'n situasie waar een van die lewensmaats MIV-positief is, of die vermoede bestaan dat die persoon moontlik MIV-positief kan wees.

b. Intervensies wat afgestem is op die ontwikkeling of handhawing van lewensomstandighede waarbinne lidmate en andere die regte keuses kan maak

Die **oogmerk** is om omstandighede in die gemeente, die lewensomgewing van lidmate en die gemeenskap te skep of te help skep, wat die uitoefening van die regte keuses sal ondersteun en wat die verspreiding van die virus sal teenwerk.

Dit sluit intervensies soos die volgende in:

- § Omvorm gemeentes tot 'n ruimte waar:
 - Die stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en vigs teengewerk word
 - Hierdie persone die vrymoedigheid sal ervaar om in die ope te kom oor hul MIV- en vigsstatus

¹ Byvoorbeeld: verstaan van die sin van die lewe; respek vir eie en ander se lewe; respek oor geslagsgrense heen; ekonomiese en besigheidsvaardighede, sosiale en maatskaplike aangeleenthede, ensomeer.

- Hulle tuis en geborge sal voel, en
 - Vanwaar hulle gehelp sal kan word om die nodige sorg en behandeling te ontvang wat hul lewens sal verleng en hule lewenskwaliteit sal normaliseer.
- § Aanmoediging van lidmate en andere om vrywillige toetsing vir MIV te ondergaan, nie net as daar omstandighede was wat tot blootstelling aan die MI virus kon lei.
- § Opbou van 'n gesonde gesinslewe in ooreenstemming met die Bybelse ideaal.
- § Opbou van mans en vroue se selfbeeld in ooreenstemming met die Bybelse ideaal.
- § Bekamping van geweld teen vroue en kinders.
- § Bekamping van gesinsgeweld.
- § Bekamping van armoede.
- § Sosiale en ekonomiese bemagtiging van vroue en kinders.
- § Ontwikkeling van respek vir die menslike liggaam.
- § Bekamping van dwelm- en alkoholmisbruik.
- § Ontwikkeling van suksesvolle werkplekprogramme, programme van skole en ander opvoedkundige instellings, programme van munisipaliteite en ander owerheidsinstellings, ensameer.
- § Aanmoediging van mediese navorsing ten einde *voorkomende middels* te vind.

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy geïmmande in hierdie verband is soos genome in afdeling B2.3.3.

B2.3.5 Versorging van persone met MIV of vigs en van persone wat deur die epidemie geraak word

Doelstelling: Om versorgingsprogramme en projekte binne en buite gemeentegrense te ontwikkel of te help ontwikkel, implementeer en ondersteun. Dit gaan daarvoor om die sorg en deernis vir siekes en ander lydendes, soos wat die Here Jesus dit aan ons voorgeleef het, prakties na te leef te midde van die vigs-epidemie.

Die kerklike rol in versorging sluit onder andere die volgende in:

- § Teenwerking, in die gemeente en elders, van die stigmatisering van mense met MIV en vigs sodat hierdie persone die vrymoedigheid sal ervaar om in die ope te kom oor hul MIV- en vigsstatus, sodat hulle geborge sal voel, en sodat hulle gehelp kan word om die nodige sorg en behandeling te ontvang.
- § Aanmoediging van lidmate en andere om vrywillige toetsing vir MIV te ondergaan, nie net as daar omstandighede was wat tot blootstelling aan die MI-virus kon lei nie.
- § Verskaffing van inligting en die implementering van opleidingsprogramme om mense met MIV en vigs te help om langer gesond te bly.
- § Bystand met die ontwikkeling en implementering van programme vir die *omvattende* versorging van mense met MIV en vigs, onder andere deur tuis- en gemeenskapsorg en ondersteuningsgroepe. Omvattende versorging sluit onder andere in: mediese, verpleegkundige, voedingskundige, geestelike, emosionele, en sosiaal-maatskaplike sorg, sowel as lewensvaardigheidsopleiding en ekonomiese bemagtiging.
- § Bystand met die omvattende versorging en begeleiding van die groot getalle kinders wat wees gelaat word, met die klem op tuis- en gemeenskapsorg (wat pleegsorg insluit). Omvattende versorging sluit die aspekte wat in die vorige paragraaf genoem is, in, sowel as aspekte soos opvoedkundige, intellektuele, emosionele en fisiese ontwikkeling.
- § Bystand met werkskeppingsprojekte.
- § Aanmoediging van mediese navorsing ten einde *genesende middels* te vind

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy geïmmande in verband met hierdie Afdeling is dieselfde as by die afdelings B2.3.3.

B2.4 Skakeling en koördinerings

Doelstelling: Dat die Ned Geref Kerk die nodige ekumeniese betrekkings sal aangaan met ander kerke in verband met die hantering van die MIV/vigsepidemie; en dat die Kerk ook die nodige betrekkings sal aangaan met plaaslike, provinsiale en nasionale owerhede en met buitelandse regerings en ander nasionale en internasionale organisasies waar skakeling in verband met die hantering van MIV en vigs nodig is. Samewerking met ander kerke in die NG Kerkfamilie is 'n prioriteit.

Die kerklike rol in hierdie verband sluit die volgende in:

- § Voorbidding vir programme van owerhede, organisasies en ander kerke.
- § Praktiese steun aan en samewerking met programme van owerhede, organisasies en ander kerke.
- § Aanmoediging en motivering teenoor owerhede, organisasies en kerke om bepaalde dienste wat binne hul gebied van verantwoordelikheid lê, te lewer.
- § Inisiering of, as 'n noodmaatreël, die fasilitering van noodsaaklike dienste wat nie normaalweg op die terrein van 'n kerk sou lê nie, maar wat om welke rede ook al nie deur die verantwoordelike partye gelewer word nie.

Die rol van die Algemene Sinode en/of sy gevolmagtigdes in verband met hierdie funksie is -

- § Om die nodige betrekkings op nasionale en internasionale vlak aan te gaan wat die MIV- en vigsprogramme van die Kerk sal ondersteun.
- § Om sines, ringe en gemeentes aan te moedig om die nodige betrekkings op streeks- en plaaslike vlak aan te gaan.
- § Om geleenthede vir samewerking te identifiseer en riglyne om die aangaan van betrekkings te vergemaklik, te ontwikkel.

B3: METING VAN DIE SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN DIE STRATEGIE

Indikatore (meetinstrumente) wat vordering met die MIV- en vigsstrategie van die Ned Geref Kerk aandui, moet ontwikkel word om vordering met die implementering van die strategie te volg. Die indikatore moet **uitkomst**e (die mate waarin die verskillende komponente van die visie bereik word – kyk afdeling B1) sowel as **uitsette** (mate waarin die doelstellings bereik word en die rolle verwezenlik word – kyk afdeling B2) meet.

Die ontwikkeling van die indikatore sowel as die proses om die indikatore te meet en resultate te rapporteer, word aan die Vigsforum opgedra, in oorleg met die sinodes en medewerker- organisasies.

B4: STRUKTUUR

Die struktuur wat vir die uitvoering van hierdie strategie verantwoordelik is, is soos volg:

- a. Die strategie word oorhoofs bestuur en begelei deur die Algemene Sinode, en in die reses deur die Diensgroep Diensgetuieis, namens die Algemene Sinode.
- b. Die NG Kerk Vigsforum word saamgestel deur Diensgroep Diensgetuieis in opdrag van die Algemene Sinode. Die funksionele bestuur van die Algemene Sinode se vigsstrategie word opgedra aan die Vigsforum. Die Forum rapporteer aan die Diensgroep Diensgetuieis en die Algemene Sinode.
- c. Verskillende komponente van die strategie word onderskeidelik uitgevoer deur die Algemene

Sinode/Algemene Sinodale Kommissie (ASK), die Diensgroep Diensgetuienis, die NG Kerk Vigsforum, sinodes, ringe, gemeentes en medewerker-organisasies, in ooreenstemming met aanvaarde funksieverdeling tussen hierdie strukture, en word bestuur in ooreenstemming met aanvaarde bestuurs- en rapporterings-prosesse. Waar nodig word met die Algemene Kommissie vir Fondse (AKF) oorleg gepleeg.

‘n Voorstel vir ‘n konstitusie van die NG Kerk Vigsforum, wat onder andere die lidmaatskap en rol van die Forum sal uitspel, word tans deur die Forum voorberei.

Die volgende medewerker-organisasies was deel van die Vigsforum tydens die konstituering: Christen Vigsburo van Suider Afrika (CVBSA), CLF Vigstrust, ISWEN, Hartklop en HospiVisie. Meer inligting oor hierdie organisasies word in Bylae 3 verskaf.

B5. BEGROTING EN BEFONDSING

Die Algemene Sinode dra dit aan die die Diensgroep Diensgetuienis en die NG Kerk Vigsforum op om in samewerking met die AKF en in oorleg met die ASK, ‘n begroting op te stel ten einde aan die oogmerke van hierdie strategie uitvoering te gee.

Die Vigsforum word gemagtig om, in oorleg met die Diensgroep Diensgetuienis, die ASK en die AKF, befondsing van eksterne bronne te verkry vir werk en projekte wat uit hierdie strategie voortspruit. Befondsing mag verkry word onder die identiteit van die Ned Geref Kerk en/of in samewerking met en onder die identiteit van ander organisasies of van konsortia wat saam met daardie organisasies gevorm word.

B6: OPTREDE

Aanbeveling: Die Algemene Sinode -

- a. **Aanvaar** die riglyne in hierdie dokument as die strategie van die Algemene Sinode met betrekking tot MIV en vigs.
- b. **Roep** sinodes, ringe, gemeentes en lidmate op om hulle roeping ten opsigte van MIV en vigs te aanvaar en uit te leef.
- c. **Versoek** sinodes om eie MIV- en vigsverwante strategieë te ontwikkel in ooreenstemming met die riglyne wat in hierdie strategie-dokument verskaf word, in besonder Afdelings B2.1 tot B2.3.
- d. **Versoek** sinodes om vordering met die ontwikkeling en implementering van MIV- en vigsverwante strategieë binne eie sinodale gebiede te moniteer en te evalueer, en om terugvoer aan die Algemene Sinode / NG Kerk Vigsforum te verskaf.
- e. **Gee opdrag** aan die Diensgroep Diensgetuienis om op advies van die NG Kerk Vigsforum die volgende te doen:
 - i. Om namens die Kerk en as deel van die Kerk se openbare getuienis, pro- en reaktief standpunte te stel oor sake in verband met MIV en vigs waarvoor leiding en menings benodig word.
 - ii. Om namens die Kerk, ekumeniese betrekinge met ander kerke in verband met die hantering van die MIV/vigsepidemie aan te gaan. Noue samewerking met die kerke in die NG Kerkfamilie is van besondere belang.
 - iii. Om namens die Kerk met die nasionale en buitelandse regerings en ander nasionale en internasionale organisasies te skakel in verband met die hantering van MIV en vigs.
 - iv. Om gereeld die vordering met die implementering van hierdie strategie, en in besonder die bereiking van die oogmerke van die strategie, te evalueer aan die hand van terugvoer wat verskaf word, en om strategiese leiding te gee in hierdie verband.
 - v. Om met die toepaslike opleidingsinstellings te onderhandel oor die insluiting van MIV- en

vigsverwante temas in die opleiding wat aan leraars, maatskaplike werkers en ander toepaslike dissiplines verskaf word.

- f. **Gee opdrag** aan die NG Kerk Vigsforum om -
- i. Op 'n deurlopende basis aandag te gee aan die verloop van MIV/vigsepidemie; om inligting wat vir die Kerk ter sake is, aan die Diensgroep Diensgetuienis, sinodes, ringe en gemeentes deur te gee.
 - ii. Aangeleenthede wat met MIV en vigs verband hou en waarvoor kerklike leiding nodig is, deurlopend te identifiseer, om dit Bybels-teologies te belig en die Diensgroep Diensgetuienis daarvoor te adviseer; en om standpunte en riglyne van die Diensgroep Diensgetuienis aan sinodes ringe en gemeentes deur te gee.
 - iii. Diensverskaffers wat aktief is op die terrein van MIV en vigs te identifiseer en inligting daarvoor beskikbaar te maak.
 - iv. Toepaslike beskikbare materiaal en hulpbronne te identifiseer en inligting daarvoor beskikbaar te maak, en waar nodig die ontwikkeling van materiaal en ander toepaslike hulpmiddels te fasiliteer.
 - v. 'n Implementeringskediule, befondsingstrategie, begroting en projekbestuurplan wat die implementering van hierdie algemene strategie sal rig en ondersteun, in oorleg met die Diensgroep Diensgetuienis, die AFK, verteenwoordigers van die sinodes en die medewerkende organisasies op te stel.
 - vi. Die moontlikheid om befondsing van eksterne bronne te verkry vir werk en projekte wat uit hierdie strategie voortspruit, te ondersoek en op te volg, soos in Afdeling B5 uiteengesit.
 - vii. Advies en steun met betrekking tot die implementering van die strategie te verskaf aan sinodes, ringe, gemeentes en ander medewerkers.
 - viii. Vordering met implementering van die uitvoering van hierdie strategie te evalueer; en om gereeld terugvoer hieroor aan die ASK, die Diensgroep Diensgetuienis, die sinodes en die Algemene Sinode te verskaf.
 - ix. Saam met die ander kerke in die NG Kerkfamilie te werk aan 'n gesamentlike strategie vir die NG Kerkfamilie.

Waar nodig, kan take van die Vigsforum opgedra word aan medewerkers om dit namens die Forum uit te voer. Indien take aan medewerkers opgedra word, berus die finale verantwoordelikheid vir daardie take steeds by die Forum.

B7. SLOT

Dit is die gebed van die NG Kerk Vigsforum dat hierdie strategie daartoe sal bydra dat die Ned Geref Kerk haar roeping in verband met MIV en vigs met krag en oortuiging sal uitvoer. Die strategie maak ruimte vir sinodes, ringe en gemeentes om die proses kreatief verder te neem. Mag hierdie beskeie begin as stimulas dien vir die Ned Geref Kerk om 'n betekenisvolle rolspeler te wees in die bestuur van die MIV/vigs epidemie in Suid- en Suider Afrika en selfs verder oor die wêreld.

Ons weet wat die HERE Jesus van sy kerk vra. Ons wil in afhanklikheid vir Hom sê: *Hier is ons, HERE, stuur en gebruik ook die NG Kerk op hierdie terrein.*

BYLAE 1


DIE SITUASIE MET BETREKKING TOT MIV EN VIGS IN SUID-AFRIKA

(Opgestel deur Mev Logy Murray)

Die werklike situasie met betrekking tot MIV en vigs in Suider Afrika word nie volledig deur amtelike statistieke gereflekteer nie. Die opmerking “Ag wat, die statistieke is in elk geval nie betroubaar nie...” kom dikwels uit die mond van christene wat nog nie naby genoeg aan die werklikhede van die epidemie gekom het nie. Dit is waar dat die beskikbare statistieke weens verskeie redes geensins ’n volledige prentjie kan skets nie, hoofsaaklik a.g.v. die feit dat MIV-infeksies of sterftes as gevolg van vigsverwante siektes nie aanmeldbaar is nie. Wat beskikbare statistiek dus wel kan doen is om met beskikbare syfers ’n aanduiding te kry van die spreekwoordelike “punt van die ysberg”. 2

Die aanhaal van statistiek moet slegs ten doel hê om ons in ootmoed en met deernis aan die beweging te bring. Indien u as leser dus die volgende statistiek nagaan, onthou dat dit maar net een van die meetinstrumente is wat ons kan gebruik om die erns van die saak te evalueer. Indien u as leser nader aan die werklikheid wil kom, stel ek voor dat u op ’n Saterdag by die begraafplaas buite u dorp in u motor gaan sit en tel hoeveel begrafnisstoete tou staan vir ’n volgende sessie. Doen navraag oor die ouderdomme van die persone wat gesterf het, teenoor dié van ’n jaar gelede. Dít is die werklikheid van MIV en vigs!

(1) Die Wêreld en Suider Afrika



Suider Afrika word tans nog die swaarte deur die MIV/vigspanemie geraak. Die nuutste syfers wat deur UNAIDS beskikbaar gestel is, 3 toon dat 25 miljoen van die wêreld se 37,8 miljoen mense wat met MIV leef, in Sub-Sahara Afrika woon. Alhoewel hierdie deel van Afrika slegs 10% van die wêreldbevolking het, huisves dit 70% van all mense wat met MIV en vigs leef. Daar word geskat dat in 2003 alleen 3 miljoen mense vir die eerste keer met MIV geïnfekteer is, en dat 2.2 miljoen mense aan Vigsverwante siektes gesterf het. (Nuwe infeksies wêreldwyd was 4,8 miljoen, en sterftes wêreldwyd was 2,9 miljoen).

Daar word dikwels vrae gevra waarom hierdie deel van die wêreld so swaar getref word, en alhoewel daar sekerlik verskillende teorie hieroor bestaan haal ons aan uit UNAIDS se verslag:

“There is no single explanation for why the epidemic is so rampant in Southern Africa. A combination of factors, often working in concert, seem to be responsible, including:

- poverty and social instability that result in family disruption;
- high levels of other sexually transmitted infections;
- the low status of women;


2 Om verskeie redes kan statistiek wat aangehaal word die een van die ander verskil, hoofsaaklik a.g.v. die metodiek wat gebruik is. Die voorkoms van MIV word in die meeste wêreldlande op min of meer dieselfde wyse gemeet, vanwaar die relatief akkurate syfers van die UNAIDS en die WHO (Wêreld Gesondheidsorganisasie) vandaan kom. In Suid-Afrika word die MIV-infeksiessyfers verhaal van die “National HIV and Syphilis Antenatal Sero-Prevalence Survey in South Africa 2002” wat reeds sedert 1989 jaarliks gedoen word. In ons land is daar egter nie betroubare inligting oor Vigs-verwante siektes en sterftes nie. Verskillende instansies het egter aktuariële modelle ontwikkel waarvolgens projeksies gedoen word. Die ASSA (Actuarial Society of South Africa), en Metropolitan Life stel gereeld verslae van sodanige modelle beskikbaar. Ander syfers wat in hierdie dokument aangehaal word is verhaal van navorsingsverslae wat op ’n spesifieke tydstep spesifieke gedrag en voorkoms ondersoek het.

3 Verslag van UNAIDS 06 Julie 2004.

- *sexual violence;*
- *high mobility, which is largely linked to migratory labour systems;*
- *ineffective leadership during critical periods in the epidemic's spread."*

Indien ons na die situasie in Suid-Afrika en Namibia kyk, kan ons sterk met hierdie faktore identifiseer.

(2) Suid Afrika



MIV infeksie.

In Suid Afrika neem die insidensie van MIV infeksie nog glad nie af nie. Volgens die opname wat jaarliks by voorgeboortelike klinieke gedoen word, het die voorkoms die afgelope vyf jaar met van 17% tot 26,5% toegeneem. 4

Dieselfde statistiek is ook volgens ouderdom beskikbaar. Daarvolgens is daar 'n tendens van afname in die voorkoms in die ouderdomsgroep 15 – 20 jaar, terwyl die ander ouderdomsgroepe steeds 'n styging toon. Nogtans is dit onaanvaarbaar dat 14,8% jongmense onder 20jaar MIV positief is!

Die hartseer van hierdie statistiek is ook die feit dat meer as een derde van die mees ekonomiese groep in die samelewing (25 – 29 jaar) reeds MIV positief is.

Elke dag is daar ongeveer 1500 – 2000 nuwe infeksies in Suid Afrika.5

Sterftes:

Die volgende statistiek beeld die tragedie van vigssterftes uit:

- Die getal sterftes a.g.v. vigs gaan drasties styg van 174 000 in 2000 tot 433 000 in 2005, en tot 600 000 in 2010.
- Een derde van alle volwasse sterftes in Suid Afrika word reeds aan vigs toegeskryf.

- Meer as 600 persone sterf elke dag aan MIV en vigsverwante siektes.
- Gedurende 2002 het ongeveer 150 000 kinders se moeders aan vigsverwante siektes gesterf
- Indien niks verander tussen nou en 2010 nie, is die skatting dat 50% van al die kinders wat nou 15 jaar oud is, nie hulle 25^{ste} verjaarsdag sal beleef nie!6

MIV infeksie en die kwesbaarheid van vroue en dogters

Meer as die helfte (58%) van alle persone wat in Sub-Sahara Afrika met MIV en vigs leef, is vroue. In Suid Afrika, ongeag ras, is jong vroue baie meer kwesbaar as mans. Die tragiese is ook dat vroue op 'n baie vroeë leeftyd as mans geïnfecteer word, en hierdie gaping groei nog steeds.7 In Suid Afrika is daar 20 jong vroue vir elke 10 jong mans wat MIV positief is.

4 Die "SA National HIV and Syphilis Antenatal Sero-Prevalence Survey" - verslag vir 2003 is nog nie beskikbaar nie.

5 Die volgende stellings kom uit 'n verslag van die MRC (Medical Research Council) 2001. Website www.mrc.ac.za


6 LoveLife survey: 2002

7 AIDS epidemic in sub-Saharan Africa – UNAIDS – 6 July 2004

Om die prentjie meer volledig te skets haal ons syfers aan in die ouderdomsgroep 15 – 19 jaar:8

- 16% swart Suid Afrikaanse dogters is MIV positief, teenwoor ongeveer 6% swart seuns
- 1% blanke Suid Afrikaanse dogters is MIV positief in vergelyking met net 0.3 blanke jong seuns

Redes waarom vroue en dogters meer kwesbaar as mans en seuns is, kan weens gebrek aan spasie nie volledig gelys word nie. Van die vernaamste is die volgende:



- Die sosiale en ekonomiese posisie van die vrou stel haar dikwels afhanklik van die besluitneming van mans
- Vroue is fisiologies meer vatbaar vir infeksie.
- Dogters word dikwels weens armoede gedryf tot prostitusie

Een van die onlangse navorsingsverslae meld die baie tragiese feit dat

- 39% vroue gerapporteer het dat hulle eerste seksuele ervaring nie vrywilig was nie.9
- 33% dogters het aangedui dat dit vir hulle moeilik is om "nee" te sê, of aan te dring op die gebruik van kondome, dikwels omdat die man gemiddeld vier jaar ouer as sy was

- 55% dogters het aangedui dat hulle dikwels nie seksueel wil verkeer nie, terwyl hulle metgeselle daarop aandring.


Ons Jeug is kwesbaar en loop risikos

In die vorige inset is reeds verwys na die kwesbaarheid van jong dogters. In 'n ander navorsingsverslag waartydens risiko gedrag van skoolgaande tieners in Suid-Afrika ondersoek is10, het die volgende aan die lig gekom:

- 41,1% was reeds seksueel aktief
- 14.4% het hulle eerste seksuele ervaring voor 14 jarige ouderom gehad
- 54% het reeds meer as twee seksmaats gehad
- Slegs 12.2% het gedink dat hulle die risiko loop om MIV positief te word.

Die tieners wat aan die opname deelgeneem het, het aangetoon dat hulle deeglik bewus is van die basies feit rondom MIV en vigs. Die feit dat slegs 12,2% van die leerders wat seksueel aktief is, aangetoon het dat hulle van mening is dat hulle die risiko loop om MIV positief te raak, is 'n aanduiding dat kennis oor die saak glad nie geïnternaliseer word nie.

Ras en ekonomiese stand



Nog een van die tragiese situasies in ons land, veral in die blanke gemeenskap – ook in die ekonomiese sterk blanke gemeenskappe, is dat MIV en vigs nie vir hulle 'n werklikheid is nie. Die sogenaamde "Nelson Mandela Navorsingsverslag" 11 het die teendeel aangewys:

11 Die RGN het in opdrag van die Nelson Mandela Kinderfonds in 2002 'n "National Household Survey on HIV and AIDS" gedoen. Die volgende aanhalings kom hieruit


6.2% blankes is reeds MIV positief.

In dieselfde verslag word ook melding gemaak van die hoë risiko wat mense in ryk gemeenskappe loop om MIV positief te raak. In 'n kommentaar wat Dr Olive Shishana gelewer het op die bevindinge van hierdie verslag, het sy die volgende gesê:

“Cell phones, cars and cash increase HIV risk”. Met hierdie stelling het sy verwys na die ryk gemeenskappe in Suid Afrika. Sy het verder gesê: *“If you're married and you have enough money, you may have just enough money to buy risk of HIV.”* Die studie het aangetoon dat een uit elke 10 getroude persone in Suid Afrika MIV positief is! Hierdie feit beklemtoon die gevaar van 'n wanpersepsie dat slegs jongmense hoë risiko gedrag toon. 'n Verdere ontstellende feit in hierdie verslag kom in die volgende aanhaling: *“Although the highest prevalence HIV rates were recorded among poorer classes, South Africa's wealthiest were the only class in which married couples had higher prevalence rates than their unmarried counterparts.”* Hierdie stelling is weersprek ook die wanpersepsie dat MIV en vigs slegs 'n realiteit in arm gemeenskappe is.

Tydens verskeie werkwinkels en opleidingsprogramme wat deur die Christen Vigsburo in die afgelope twee jaar gelei is, is hierdie werklikheid bevestig. Hoogs vertroulike vraelyste word anoniem ingevul, waarin deelnemers aan die program (wat hoofsaaklik kerk/ gemeentelid is) aandui in hoe 'n mate hulle in die afgelope 10 jaar op een of ander wyse buite- of voorhuwelikse seks be-oefen het. Nie een van hierdie groepe het onder 60% seksuele aktiwiteite gerapporteer nie.

(3) Namibië:




Namibië word net so deur MIV en vigs geraak soos die meeste lande in Suider Afrika. Alhoewel die statistiek vir Namibia nie in soveel detail beskikbaar is as dié vir Suid Afrika nie, lyk die prentjie nie veel anders nie. 12

In 2002 was die nasionale voorkoms van MIV in Namibië 22%. (Teenoor die 26,5% in Suid-Afrika. Daar is streke in Namibië waar die infeksiesyfer heelwat hoër as die gemiddeld is. Hier volg 'n paar:

- Katimo Mulilo – 42,5%
- Oshakati – 30,4%
- Grootfontein – 29,6%
- Windhoek – 26,7%

- Walvisbaai – 25%



Wanneer die ouderdomsverspreiding in ag geneem word, sien ons dieselfde beeld as die statistiek van Suid-Afrika, en kan dieselfde tendense waarskynlik aangeneem word:

- Die mees kwesbare groep is die ouderdom 25 – 35 jaar (28% en 27%)
- Die voorkoms by jongmense onder 20 jaar is reeds 11%, en daar was ook 'n afname in hierdie groep van ongeveer 2% sedert 2000 se opname.

In die verslag van die Minister van Gesondheid en Maatskaplike Dienste word die vraag ook aangespreek: *“Watter faktore dra by tot die verspreiding van MIV in Namibië?”* Die antwoord hierop is baie dieselfde as

12 Report of the 2002 National HIV Sentinal Survey, Directorate of Primary Health Care and Nursing Services.

dié in Suid-Afrika:

- Hoë mobiliteit van individue
- Alkohol en dwelmmisbruik
- Geslagsongelykheid
- Armoede
- Sekere kulturele gebruike
- Disintegrasië van tradisionele gesinsstrukture
- Onkunde

(4) Slotgedagtes

MIV en vigs het soos nog nooit tevore nie die vele ongelykhede en onregverdige sisteme blootgestel – baie waarvan ons al as “normaal” aanvaar het. Henry Nouwen het dit so gestel:

“The HIV/AIDS epidemic is probably one of the most telling symptoms of our contemporary brokenness. There, love and death cling to each other in a violent embrace. Young people, desperate to find intimacy and communion, risk their very lives for it.”

Hoe gaan ons as Christene, as Kerk hierop reageer – op ’n wyse wat getrou is aan ons verstaan van wie God is. MIV en vigs daag ons geloof uit. Die geweldige afmetings wil ons soms vasvang en kragteloos laat. Maar as ons getrou wil wees aan ons roeping om getuies van God se liefde en genade in ’n gebroke wêreld wil wees, sal ons ’n ander uitweg moet soek – veral as ons besef dat ons elkeen deur hierdie gebrokenheid geraak word. 13

13 Met erkenning aan Daniela Gennrich: “The Church in an HIV+ world. A Practical Handbook. Cluster Publications. 2004

BYLAE 2
DIE 2002-VERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN
DIE NED GEREF KERK OOR MIV EN VIGS

Hierdie verklaring is op 16 Oktober 2002 deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk as die standpunt van die Ned Geref Kerk ten opsigte van MIV en vigs uitgereik.

VERKLARING EN VERBINTENIS VAN DIE NED GEREF KERK IN VERBAND MET MIV EN VIGS

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 14 Oktober 1998, tydens die sitting van sy Algemene Sinode reeds sy verbintenis tot die stryd teen MIV en vigs verwoord.

Die volgende verklaring is 'n herbevestiging en uitbreiding van hierdie verbintenis.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid op die MIV en vigssterrein op 'n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul:

1. Ons erken en bely:

- * dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef;
- * dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV/vigs epidemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie;
- * dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor MIV geïnfekteerdes en geïnfekteerdes uitleef nie;
- * dat van ons NG lidmate ook met MIV en vigs leef.

2. Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met MIV en vigs leef, geïnfekteerdes sowel as geïnfekteerdes. Ons wil dit doen deur:

- * ons toe te lê daarop om begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat;
- * 'n boodskap van hoop en omgee aan lidmate wat met MIV en vigs leef, oor te dra;
- * ons te beywer om mites verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek en voorspraak te doen vir almal wat as gevolg van MIV en vigs ly;
- * ons gemeentes plekke te maak waar mense wat deur MIV en vigs geïnfekteerd of geïnfekteerd is, welkom en geborge sal voel;
- * ons wil diensbaar wees deur die omvattende nood in Suiderlike Afrika te verlig;

Ons wil dit doen deur programme en projekte, binne en buite ons gemeentegrense te help ontwikkel, te implimenteer en te ondersteun, wat onder ander sal insluit:

- * versorging en begeleiding van die groot getalle kinders wat wees gelaat word, onder ander ook deur gemeenskapsorgmodelle;
- * emosionele en geestelike begeleiding van geïnfekteerdes en geïnfekteerdes, onder andere deur

ondersteuningsgroepe;

- * fisiese versorging van mense wat met MIV en vigs leef, onder andere deur tuis- en gemeenskapsorg;
- * inligting en opvoedingsprogramme wat mense wat met MIV en vigs leef, sal help om langer gesond te kan bly, asook om die fisiese en emosionele pyn te verlig;
- * werkskeppingsprojekte.

3. Bogenoemde impliseer ook die beskikbaarstelling van kennis, mannekrag en fasiliteite tot ons beskikking.

4. Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes ten opsigte van seksuele gedrag. Gevolglik:

- * roep ons egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly;
- * roep ons ouers op om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van seksopvoeding van hulle kinders na te kom;
- * roep ons opvoeders om in hulle omvattende opvoedingstaak, kinders en jongmense voortdurend te wys op die gevare van vrye seks en 'n immorele lewe;
- * roep ons kinders, jongmense en volwasse individue op om seksuele verkeer voor die huwelik uit innerlike oortuiging as Christene te vermy.

5. Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van die MIV infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om die:

- * gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels te versterk;
- * armoede, geweld teen vroue en kinders, asook dwelmmisbruik te bekamp;
- * korrekte en volledige inligting oor MIV en vigs beskikbaar te stel;
- * mediese navorsers- en personeel aan te moedig om voort te gaan met navorsing ten einde die beste voorkomende of genesende middel te vind, asook om vigs-pasiënte met sorg, deernis en waardigheid te behandel;
- * vrywillige toetsing vir MIV veral ook onder ons lidmate, aan te moedig;
- * alles te doen om die boodskap van seksuele onthouding voor die huwelik ondubbelsinnig oor te dra en om die implikasies van ander beskermingsmaatreëls te verduidelik;
- * aktief daaraan te werk om die stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en vigs teen te werk.

6. Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met die owerheid en relevante rolspelers soek, aanmoedig en waar nodig kerklike strukture te skep om samewerking te bevorder.

7. Ons bedede is dat God Drie-enig ons as Ned Geref Kerk die krag sal gee om as gehoorsame getuie van die Evangelie, ons verantwoordelikheid en roeping tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk, na te kom..

BYLAE 3

INLIGTING OOR DIE SPESIALIS-ORGANISASIES WAT IN DIE NG KERK VIGFORUM DIEN

3-1 CLF VIGSTRUST (Kontakpersone: Dr Gideon van der Watt, Mev Selna Venter)

Die CLF Vigstrust het ontstaan uit die aktiwiteite van die Christelike Lektuurfonds wat dit ten doel stel om bekostigbare Christelike (en veral missionêr-gerigte) lektuur in 'n verskeidenheid tale te publiseer en te versprei. Die CLF Vigstrust stel dit ten doel om 'n trust-fonds op te bou waarmee MIV/VIGS verwante lektuur gepubliseer en versprei word (meestal gratis of dan bekostigbaar). In oorleg met vennote soos die Christen Vigsburo, Hospivisie, ensomeer, finansier dit die uitgee van bestaande produkte en fasiliteer dit die ontwikkeling van nuwe lektuurprodukte. Die fokus is op korrekte inligting oor MIV/Vigs, Bybelse gesin-, leefstyl- en gemeenskapswaardes en op publikasies met 'n boodskap van hoop vir geïnfekteerdes en geaffekteerdes. Die teikengroepe is veral jeug, gemeentes, leraars en die klem lê op die literatuur in 'n verskeidenheid Afrika-tale.

3-2 CHRISTEN VIGSBURO (CVBSA; die Engelse akroniem CABSA word normaalweg gebuik) (Kontakpersoon: Mev Logy Murray, Ds Nelis du Toit)

Die Christen Vigsburo het in Julie 2001 as 'n projek van die Hugonote Kollege tot stand gekom, met finansiële hulp van die Algemene Jeugkommissie. Die Buro (in die spreektaal reeds as CABSA bekend) is geregistreer as 'n nie-profit-organisasie, en het ten doel om gemeentes te begelei in hulle betrokkenheid op die MIV en vigsterrein. CABSA het 'n mobiliseringsmodel ("Kerke, Kanale van Hoop") ontwikkel, waarbinne kerkleiers (leraars, gemeenteleiers) geleentheid kry om oor hulle unieke rol te besin. Terselfdertyd ontwikkel begrip vir die mobiliseringsprosess wat binne gemeentes nodig is, en waar gemeentelike diensspanne saamgestel word, bied CABSA toerusting om vir hulle eie gemeentes relevant aksieplanne te ontwikkel. Om hierdie mobiliseringsmodel te implementeer en te "dupliseer", is 'n omvattende kursus vir fasiliteerders ontwikkel, en wil CABSA op so 'n wyse kundigheid beskikbaar stel, binne bereik van elke gemeente. (CABSA het reeds fasiliteerders vir verskeie Sinodale streke opgelei.) Verder bied die Buro ondersteuningsdienste aan gemeentes (ook via die fasiliteerders), wat onder andere insluit die beskikbaarstel van relevante inligting oor hulpbronne, materiaal en diensprogramme. Verder het CABSA ook 'n goeie netwerk opgebou met verskeie ander Christelike kerke, wat verrykend inwerk op die omvattende rol wat christene kan speel. Twee kerkgenootskappe (die Vereenigende Gereformeerde Kerk, en die Anglikaanse Kerk) het reeds versoek dat CABSA hulle bystaan in die uitvoering van hulle MIV/vigs strategieë. CABSA word bestuur deur 'n bestuursliggaam waarop die Algemene Sinodale kommissies goed verteenwoordig is, en die uitvoerende personeel bestaan uit 4 persone.

3-3 ISWEN (Kontakpersoon: Dr Attie van Niekerk, Dr Montagu Murray)

ISWEN (Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing) is 'n instrument van die drie teologiese fakulteite van die NG Kerk. Dit is deur die Algemene Sinode gestig om die kerk en gemeentes in hulle sending roeping te begelei deur gerigte navorsing.

ISWEN werk aan 'n metode om die kerklike getuienis te benader van die kant van die diakonia, en om die belydenis van die Christelike geloof te verdiep en te laat deurwerk na die stryd teen armoede en ellende.

Die metode sluit in dat proponente by arm gemeenskappe betrokke raak en, deur fasilitering en gerigte navorsing, help om die effektiwiteit van bestaande ontwikkelingsprojekte (soos behuising, energieverkaffing, gesondheidsdienste, welsyn, ensomeer.) te verhoog.

ISWEN werk hierin formeel saam met NOVA (Navorsing en Ontwikkeling vir die Voorkoming van Armoede), 'n nie-kerklike artikel 21-maatskappy wat sedert 1993 sulke funksies verrig het, teen betaling, vir ESKOM, SASOL, Die Departement van Minerale en Energie, die Departement van Gesondheid, die WNNR, ABC Hansen (Denemarke) en die WNNR. Onderhandelinge met ander departemente is ook aan die gang.

Die ISWEN-netwerk se projekte is gerig daarop om oplossings te vind wat die kerke in Suider-Afrika in staat kan stel om op kerklike wyse 'n bydrae te maak tot die goeie funksionering van huishoudings in die Afrika van vandag, te midde van al die faktore wat huishoudings tans disfunksioneel maak. ***ISWEN se bydrae met betrekking tot die kerk se stryd teen MIV en vigs sou dus in die lig van die druk wat hierdie pandemie op huishoudings plaas verstaan kon word.***

Kerklike projekte behoort aan die *hoogste vereistes* te voldoen: volhoubaarheid, effektiwiteit, bekostigbaarheid, heilsaamheid (volgens kerklike kriteria), herhaalbaarheid in ander gemeenskappe (d.w.s nie afhanklik van baie befondsing of charismatiese individue nie), en aantreklikheid vir die mense self. Die evaluasie van alle potensiele oplossings volgens hierdie kriteria is baie belangrik ter wille van die mense in nood en ter wille van die integriteit van die Christelike getuienis. Daarom moet die kerk nie sommer op die klank af enige projek ondersteun nie, maar voortdurend oplossings deeglik inhoudelik evalueer.

3-4 HARTKLOP (Kontakpersoon: Dr Sunette Pienaar)

Hartklop is geregistreer as 'n artikel 21 maatskappy asook as 'n nie-winsgewende organisasie met die Departement van Maatskaplike ontwikkeling. Die organisasie is in 2000 gestig deur Dr Sunette Pienaar, 'n predikant in die NGKerk, in reaksie op die nood van die duisende kinders wat weesgelaat is deur die Vigs epidemie. Die missie van Hartklop is om die lyding van weeskinders en ander kwesbare kinders te verlig deur verandering in gemeenskappe te fasiliteer.

Hartklop het 'n gemeenskapsmodel ontwikkel om die nood van kinders aan te spreek binne hulle eie gemeenskappe. Die model staan op 4 bene: kinderregte (soos uitgespel in die konstitusie); kinderdeelname, kinderbeskerming en gemeenskapsdeelname. Ons model word geëndoseer deur die minister van Maatskaplike Ontwikkeling en internasionale agentskappe. Negentig personeellede en honderde vrywilligers is betrokke om Hartklop se missie te realiseer. Ons spreek die nood van 5000 weeskinders aan in vyf provinsies. Ons wil soveel moontlik kinders bereik deur die kapasiteitsbou en bemagtiging van gemeenskapsorganisasies, geloofsgebaseerde organisasies, en nie-regeringsorganisasies, om met Hartklop beginsels, weeskinderprogramme op te rig. Hartklop het 'n mentorskap-program vir hierdie doel ontwikkel.

In 'n poging om soveel moontlik kinders so effektief moontlik te bereik, is dit Hartklop se filosofie om nou saam te werk met alle rolspelers, die geloofsgemeenskap, die staat, die siviele sektor, besigheid en internasionale rolspelers.

3-5 HOSPIVISIE / COMPRE CARE (Kontakpersone: Dr Andre de la Porte, Dr Hannes van der Walt)

HospiVisie is 'n sg. Artikel 21-maatskappy wat oorspronklik ontstaan het uit die hospitaal-bedieningswerk van die Ned Geref Sinode van Noord-Transvaal. Die primêre funksie is om geestelike sorg- en beradingsdienste te lewer aan pasiënte in hospitale asook aan pasiënte wat tuis versorg word. Met die groei van die vigs-epidemie het die tuissorg-komponent 'n groot deel van die werk van hierdie organisasie geword. Naas die direkte lewering van sorgdienste, word opleiding in kliniese pastoraat verskaf aan professionele persone sowel as nie-professionele vrywilligers, en aan kerk/gemeentes. Kerke/gemeentes word ook bygestaan met die ontwikkeling van eie siekesorg-bedienings in hospitale en in die tuissorg-omgewing.

'n Kursus getitel *Hoopvolle Sorg* is onder andere deur HospiVisie ontwikkel vir die opleiding van professionele en nie-professionele beraders en ander sorgwerkers wat in die MIV/vigs-omgewing werk. Deur die kursus, wat aansluit by die narratiewe metode van berading, word beraders en sorgwerkers opgelei om geestelike steun op sensitiewe wyse aan te bied aan persone met MIV en vigs. Die metodiek wat hier gevolg word is onder andere geskik vir die hantering van transkulturele kommunikasie. Opleiding word op versoek op enige plek in die land aangebied.

HospiVisie het ook leiding geneem met die stigting van 'n konsortium van sorgorganisasie met die naam *CompreCare Joint Venture*. Hierdie konsortium, wat as 'n Nie-Winsgewende Organisasie (sg. *NPO*) geregistreer is, bring 'n spektrum van diensorganisasies uit 'n verskeidenheid van spesialisgebiede byeen om 'n volledig geïntegreerde, omvattende diens in die bestuur van MIV/vigs te lewer. Die spesialisgebiede sluit die volgende in:

- **Dienslewering** op die gebied van mediese sorg, verpleegkundige / palliatiewe sorg, voeding, kliniekdienste, maatskaplike dienste, geestelike en sielkundig-emosionele beradingsdienste, verskaffing van anti-retrovirale middels, verkragtings-krisissentrum- en na-blootstelling profilaktiese dienste (dit is die sg *PEP site* dienste), kindersorgdienste, bystand tydens en na afsterwe, lewensvaardigheidsprogramme en werkplekprogramme.
- **Ondersteuningsdienste** wat insluit logistieke dienste, multidissiplinêre opleiding, ondersteuning met befondsing, 'n aanmeldingsentrum, regs- en finansiële adviesdienste, ensomeer; en
- **Bestuursdienste** wat insluit strategiese bestuur, professionele projekbestuur, ontwikkeling en bestuur van standaarde, inligtingsbestuur, ensomeer.

HospiVisie / CompreCare fasiliteer onder andere die ontwikkeling van die program wat bekend staan as die *CHAMPs Initiative* (CHAMPs is die akroniem vir Coordinated HIV/AIDS Management Programs). Die loodsfase van CHAMPs word tans in Pretoria / Tshwane geïmplementeer. CompreCare het onder andere ook as konsultant vir die Tshwane (Groter Pretoria) Munisipaliteit opgetree in die ontwikkeling van die Munisipaliteit se vigsbestuurstrategie, en staan die Munisipaliteit tans steeds by met die implementering van die munisipale strategie.

HospiVisie / CompreCare lewer ook bystand aan gemeentes en sinodes met strategiese beplanning rondom vigs- en gesondheidsbestuur; en met die ontwikkeling en implementering van lewensvaardigheidprogramme.